# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

19 Junie 2014

Dagsê Almal

Ek is vandag weereens met eerbied en ontsag gevul teenoor ons Skepper vir al die seeninge wat so getrou oor hierdie huis uitgestort word. Dankbaarheid vir al die ondersteuning op alle vlakke wat ek ontvang om te kan deel met die wat minder het veral nou dat die koue ons vasgevat het. Baie dankie aan elkeen wat dit in sy hart gevoel het om lewensmiddele met ons te deel.

Vandag wil ek graag iets baie komies met julle deel. So bietjie afwykend van die swaarkry en hartseer wat elke dag hier om my is. Eljada Huis het sedert dag een twee inwonertjies saam met my gehad naamlik Nala en Noko. Boetie en sussie kruising wors/Jack Russel – sekert die ergste en stoutste kombinasie wat ek nog ooit gesien het. Almal is lief vir hulle en hulle het met baie seerkry saam met my hier grootgeword maar stout sonder weerga. Die ooms en tannies van die GK Centurion gemeente het bietjie kom inloer en terwyl ons teedrink sien ek verby Tannie Ansie hoedat een van die twee rakkers besig is om oor die heining te probeer kom. My mond val oop van verbasing want die ander een spring en stoot en stamp van agter/onder af totdat die dame deur die heining is. Toe spring mannetjie ook om oor te kom maar die kort beentjies kannie hoog genoeg bykom om dit maklik te maak nie toe kom die kersie op die koek. Sy spring van die anderkant af op en trek hom deur. Ai ek kon huil dat die kamera te laat uitgekom het want dit was nou werklik skreeusnaaks.

Gister moes ek weereens met groot hartseer verneem van die groter swaarkry om my en voel dit soms of ons nie regtig ŉ verskil maak nie maar vanoggend het ek vir die mense wat hier is vertel van die geval waar mense kospakkies op ŉ gereelde basis gaan haal maar dat daar net mieliemeel beskikbaar was. Hiermee wil ek weereens ŉ versoek rig vir groter ondersteuning om my in staat te stel om ook daar te kan help. Dit is ook ŉ geloofsbasis ondersteuning en ek kon die groot hartseer in die groot man wat Ds is daar se wese sien. Ek en hy sal nog saamsit en sien watter plan van aksie ons dalk saam kan doen. ŉ Honger mens vergeet gou van sy Skepper en dit gee ons ŉ groter geleentheid om Sy naam uit te dra. As elke lidmaat van elke kerk net EEN blikkie of pakkie per Sondag by sy/haar kerk kan opdra aan die swaarkry sal ons werklik ŉ sinvolle verskil kan maak. Dit is moeilik om kos te gaan soek terwyl daardie tyd kon gebruik word om die woord te verkondig. Ons het julle nodig om daardie deel vir ons maklik te maak. Kos is en bly die grootste enkele NOOD. Baie dankie by voorbaat.

Ons finansies bly maar steeds knellend en u kan my gerus kontak indien u ŉ debietorder wil teken.

Die voorbereiding vir die groenteprojek is sterk aan die gang. Ek sal waarkynlik hierdie week die masjiene gaan aankoop en dan begin die opleiding. Ons wil graag voorskote maak vir die vroue en mans en dit gaan ongeveer R40 elk kosm. As u dalk een wil borg sal ek dit baie waardeer want die grootste deel van ons HH se R45 000 word aangewend vir die aankoop van die masjiene en die eerste groente aankope.

Ek het ook steeds vir Bernadine(R2000) en 6 ander vir wie ons tande en brille moet laat maak. Die brille sal eers in Juliemaand wees want hul afspraak vir gratis toets is 9 Julie maar Bernadine se tande moet hierdie maand gedoen word. Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

**16 gesinne word tans versorg. 23 Mans, 21 vroue en 17 kinders en ons benodig:**

- **KOS – BAIE GROOT NOOD**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **WARMGOED – KOMBERSE EN BAADJIES**
- **Plastiese sakke en houers, bottels**